Die aandeelgebaseerde betalings wat in die finansiële state verantwoord word, het betrekking op die Remgro Aandeleskema en die Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroeireg-skema, asook die Rainbow Aandeleskema en die Rainbow Aandelegroeireg-skema.

**Agtergrond tot die Remgro Aandeleskema en die Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroeireg-skema**

Die waardasies van beide aandeleskemas is gedoen met behulp van 'n aktuariële model. Hierdie model is deur 'n onafhanklike derde party ontwikkel uit die standaard binomiaal-opsie-waarderingsmodel ten einde die eiesoortige aard van die skemas, veral met verwysing na vroeë uitoefening, aan te spreek.

Die verwagte leeftye is beraam deur die toevallingspunte binne elke aanbod in ag te neem. Die risikovrye koers wat gebruik is, is beraam met verwysing na die inherente koers op 'n SA-nulkoersstaatseffek en deur gebruik te maak van die opbrengskurwe oor die verwagte kontrakleeftye van vyf, ses en sewe jaar vanaf aanboddatum.

Die aandeelpryswisselvalligheid van die gewone aandele in Remgro Beperk is bepaal met verwysing na die bewegings in die aandeelprys sedert 1 Oktober 2000, dit is die aanvang van Remgro se verhandeling op die JSE.

Die dividendopbrengs is bereken deur gebruik te maak van 'n tweejaar bewegende gemiddelde dividendopbrengs op elke aanboddatum.

### 26.1 Remgro Aandeleskema (die "skema")

Aandeelgebaseerde betalings ten opsigte van die skema bestaan uit gewone aandele in Remgro Beperk aan deelnemers aangebied. Die aanbiedinge is geldig vir een jaar vanaf die datum van aanbod. Die skema is 'n uitgestelde aankoopskema en betaling geskied in drie gelyke jaarlikse paaiemente waarvan die eerste eers drie jaar na aanboddatum betaalbaar word. Deelnemers het geen regte tot lewering, stemming of gewone dividende op aandele voordat betaling geskied nie. Deelnemers kan kies om op 'n later datum te betaal met die gevolglike uitstel van regte. Betaling ten opsigte van aanbiedinge voor 26 November 2004 moet egter voor die verstryking van tien jaar geskied, terwyl aanbiedinge ná die datum voor die verstryking van sewe jaar moet geskied. Voortspruitend uit die BAT-ontbondeling is die skema vervang deur die Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroeireg-skema.

| | **2010**<br>**R miljoen** | 2009<br>R miljoen |
|---|---|---|
| Aandeelgebaseerde betalingskoste ingesluit in die inkomstestaat (volgens IFRS 2) | **2** | 16 |

Alhoewel die groep ingevolge die oorgangsbepalings van IFRS gekies het om IFRS 2 slegs toe te pas op transaksies ná 7 November 2002 wat nog nie op 1 Januarie 2005 gevestig het nie, het die volgende inligting betrekking op alle aanbiedinge aan deelnemers van die skema.

**Aantal en geweegde gemiddelde uitoefeningspryse van alle aanbiedinge van aandele aan deelnemers van die skema:**

| | **2010** | | 2009 | |
|---|---|---|---|---|
| | ***Aantal aandele*** | ***Rand*** | *Aantal aandele* | *Rand* |
| Oorgedra vanaf vorige finansiële jare | **415 525** | **123.68** | 3 411 923 | 78.01 |
| Diensverlatings en ander | **–** | **–** | (547 698) | 124.58 |
| Aandele betaal en gelewer | **–** | **–** | (2 448 700) | 59.84 |
| **Totaal op 31 Maart** | **415 525** | **123.68** | 415 525 | 123.68 |
| **Uitoefenbaar aan die einde van die tydperk** | **232 175** | **99.55** | 60 452 | 87.86 |

## 26. AANDEELGEBASEERDE BETALINGS (vervolg)

### 26.1 Remgro Aandeleskema (die "skema") (vervolg)

Uitoefeningsprysreeks van alle aanbiedinge

| | 2010 Aantal aandele uitstaande op jaareinde | 2010 Geweegde gemiddelde oorblywende kontrak-leeftyd in jare | 2010 Geweegde gemiddelde uitoefenings-prys per aandeel (Rand)* | 2009 Aantal aandele uitstaande op jaareinde | 2009 Geweegde gemiddelde oorblywende kontrak-leeftyd in jare | 2009 Geweegde gemiddelde uitoefenings-prys per aandeel (Rand) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| R80 – R100 | **174 614** | **1.67** | **87.86** | 174 614 | 2.67 | 87.86 |
| R120 – R140 | **172 681** | **3.24** | **135.00** | 172 681 | 4.24 | 135.00 |
| R180 – R200 | **68 230** | **4.22** | **186.70** | 68 230 | 5.22 | 186.70 |

Die volgende aannames is in die binomiaalmodel gebruik ten einde die aanbiedinge te waardeer:

| | |
|---|---|
| Gemiddelde verwagte uitoefeningstermyn (jare) | 5 – 7 |
| Pryswisselvalligheid (%) | 19.2 – 20.2 |
| Risikovrye koers (%) | 7.7 – 8.4 |
| Verwagte dividendopbrengs (%) | 2.5 – 2.6 |

Geen aanbiedinge is gedurende die huidige finansiële jaar ingevolge hierdie skema gemaak nie.

** Ingevolge die skema-reëls ontvang deelnemers ook alle spesiale dividende en opbrengste voortspruitend uit groepherstrukturerings wat na die aanboddatum geskied.*

### 26.2 Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroeireg-skema (die "SAR-skema")

Deelnemers van die SAR-skema word vergoed met aandele ter waarde van die groei in 'n toegekende aantal Remgro gewone aandele wat binne sewe jaar na die regte toegeken is, uitgeoefen moet word.

Die vroegste intervalle waarbinne aandelegroeiregte (SARs) uitgeoefen kan word, is soos volg:

- Een-derde na drie jaar na die toekenningsdatum
- Twee-derdes na vier jaar na die toekenningsdatum
- Die res na vyf jaar na die toekenningsdatum

| | 2010 R miljoen | 2009 R miljoen |
|---|---|---|
| Aandeelgebaseerde betalingskoste ingesluit in die inkomstestaat (volgens IFRS 2) | **33** | 13 |
| Billike waarde van opsies toegeken gedurende die jaar | **13** | 63 |

**Aantal en geweegde gemiddelde uitoefeningspryse van alle SARs aangebied aan deelnemers van die SAR-skema:**

| | 2010 Aantal SARs | 2010 Rand | 2009 Aantal SARs | 2009 Rand |
|---|---|---|---|---|
| Oorgedra vanaf vorige finansiële jare | **3 634 754** | **73.24** | – | – |
| Aangebied gedurende huidige finansiële jaar | **145 785** | **75.72** | 3 641 533 | 73.24 |
| SARs uitgereik as gevolg van die VenFin-transaksie* | **2 010 335** | **43.93** | – | – |
| Verbeur gedurende die jaar | **(8 713)** | **75.77** | (6 779) | 73.21 |
| Uitgeoefen gedurende die tydperk | **(215 655)** | **56.40** | – | – |
| **Uitstaande aan die einde van die tydperk** | **5 566 506** | **65.35** | 3 634 754 | 73.24 |
| | | | | |
| **Uitoefenbaar aan die einde van die tydperk** | **2 053 903** | **63.93** | 295 159 | 72.00 |

** Nadat die verkryging van VenFin Beperk deur die groep gedurende November 2009 onvoorwaardelik geword het, het deelnemers van die VenFin Aandelegroeireg-skema (die VenFin SAR-skema) die geleentheid gekry om by die SAR-skema aan te sluit op 'n basis van gelyke waarde, terme, voorwaardes en vestigingdatums wat ingevolge die VenFin SAR-skema van toepassing was. Elke VenFin SAR-skemadeelnemer het gevolglik 1 Remgro SAR vir elke 6.25 onuitgeoefende en/of ongevestigde VenFin SAR ontvang.*

## 26. AANDEELGEBASEERDE BETALINGS (vervolg)

### 26.2 Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroeireg-skema (die "SAR-skema") (vervolg)

Uitoefeningsprys van alle opsies:

| | **2010** Aantal SARs uitstaande op jaareinde | **2010** Geweegde gemiddelde oorblywende kontrak leeftyd in jare | 2009 Aantal SARs uitstaande op jaareinde | 2009 Geweegde gemiddelde oorblywende kontrak leeftyd in jare |
|---|---|---|---|---|
| R30.00 – R39.99 | **949 709** | **2.22** | – | – |
| R40.00 – R49.99 | **368 247** | **2.23** | – | – |
| R50.00 – R59.99 | **3 640** | **2.29** | – | – |
| R60.00 – R69.99 | **26 131** | **5.92** | – | – |
| R70.00 – R79.99 | **3 609 240** | **4.64** | 3 634 754 | 5.52 |
| R80.00 – R89.99 | **530 592** | **5.41** | – | – |
| R90.00 – R99.99 | **78 947** | **3.90** | – | – |

Die volgende aannames is in die binomiaalmodel gebruik ten einde die aanbiedinge te waardeer:

| | **2010** | 2009 |
|---|---|---|
| Geweegde gemiddelde Remgro-aandeelprys vir die jaar na die BAT-ontbondeling (R) | **84.11** | 70.37 |
| Uitoefeningsprys (R) | **39.19 – 97.19** | 72.00 – 74.00 |
| Gemiddelde verwagte uitoefeningstermyn (jare) | **4 – 5** | 3 – 6 |
| Pryswisselvalligheid (%) | **22.21 – 22.36** | 20.78 – 22.36 |
| Risikovrye koers (%) | **7.32 – 8.46** | 8.13 – 8.76 |
| Verwagte dividendopbrengs (%) | **2.37 – 2.41** | 2.37 |

### 26.3 Huidige status – aanbiedinge aan direkteure

**Remgro Aandeleskema**

– gewone aandele

| Deelnemer | Balans van aandele aanvaar op 31 Maart 2009 | Aandele aanvaar gedurende die jaar | Datum van aandele aanvaar | Aanbod-prys (Rand) | Aantal aandele betaal en gelewer | Datum van aandele betaal en gelewer | Aandeelprys op datum van betaling en lewering van aandele (Rand) | Waarde toename[(1)] (R'000) | Balans van aandele aanvaar op 31 Maart 2010 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Uitvoerend** | | | | | | | | | |
| M H Visser | 174 614 | | | **87.86** | | | | | **174 614** |
| | 172 681 | | | **135.00** | | | | | **172 681** |
| | 68 230 | | | **186.70** | | | | | **68 230** |
| Totaal | 415 525 | **–** | | | **–** | | | **–** | **415 525** |

(1) *Dit verwys na die toename in die waarde van skema-aandele vir die betrokke deelnemers sedert die datum van aanbod tot en met die datum van betaling en lewering daarvan.*

## 26. AANDEELGEBASEERDE BETALINGS (vervolg)

### 26.3 Huidige status – aanbiedinge aan direkteure (vervolg)

**Remgro Aandeleskema (vervolg)**

– gewone aandele

| Deelnemer | *Balans van aandele aanvaar op 31 Maart 2008* | *Aandele aanvaar gedurende die jaar* | *Datum van aandele aanvaar* | *Aanbod-prys (Rand)* | *Aantal aandele betaal en gelewer* | *Datum van aandele betaal en gelewer* | *Aandeel-prys op datum van betaling en lewering van aandele (Rand)* | *Waarde toename[1] (R'000)* | *Aandele verbeur op 27/10/08[2]* | *Balans van aandele aanvaar op 31 Maart 2009* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Uitvoerend** | | | | | | | | | | |
| W E Bührmann | 97 872 | | | 87.86 | 32 624 | 13/10/08 | 167.00 | 2 582 | 65 248 | – |
| | 7 303 | | | 135.00 | | | | | 7 303 | – |
| | 38 645 | | | 186.70 | | | | | 38 645 | – |
| D M Falck[3] | 458 716 | | | 43.60 | 458 716 | 08/08/08 | 194.22 | 69 092 | | – |
| | 104 917 | | | 63.00 | 104 917 | 08/08/08 | 194.22 | 13 767 | | – |
| | 30 050 | | | 87.86 | 30 050 | 13/10/08 | 167.00 | 2 378 | | – |
| | 92 988 | | | 135.00 | 92 988 | 13/10/08 | 167.00 | 2 976 | | – |
| | 18 146 | | | 186.70 | 18 146 | 13/10/08 | 167.00 | (357) | | – |
| J A Preller | 24 466 | | | 43.60 | 24 466 | 13/10/08 | 167.00 | 3 019 | | – |
| | 34 572 | | | 87.86 | 11 524 | 13/10/08 | 167.00 | 912 | 23 048 | – |
| | 30 167 | | | 135.00 | | | | | 30 167 | – |
| | 2 319 | | | 186.70 | | | | | 2 319 | – |
| M H Visser | 278 979 | | | 63.00 | 278 979 | 13/10/08 | 167.00 | 29 014 | | – |
| | 342 488 | | | 87.86 | 114 164 | 13/10/08 | 167.00 | 9 035 | 53 710 | 174 614 |
| | 172 681 | | | 135.00 | | | | | | 172 681 |
| | 68 230 | | | 186.70 | | | | | | 68 230 |
| T van Wyk | 42 161 | | | 87.86 | 14 055 | 13/10/08 | 167.00 | 1 112 | 28 106 | – |
| | 41 598 | | | 135.00 | | | | | 41 598 | – |
| | 3 029 | | | 186.70 | | | | | 3 029 | – |
| Subtotaal | 1 889 327 | – | | | 1 180 629 | | | 133 530 | 293 173 | 415 525 |
| | | | | | | | | | | |
| **Nie-uitvoerend** | | | | | | | | | | |
| P E Beyers | 191 130 | | | 43.60 | 191 130 | 13/10/08 | 167.00 | 23 585 | | – |
| J W Dreyer | 191 130 | | | 43.60 | 191 130 | 13/10/08 | 167.00 | 23 585 | | – |
| J P Rupert | 414 938 | | | 48.20 | 414 938 | 23/09/08 | 183.00 | 55 934 | | – |
| Subtotaal | 797 198 | – | | | 797 198 | | | 103 104 | – | – |
| Totaal | 2 686 525 | – | | | 1 977 827 | | | 236 634 | 293 173 | 415 525 |

*[1] Dit verwys na die toename in die waarde van skema-aandele vir die betrokke deelnemers sedert die datum van aanbod tot en met die datum van betaling en lewering daarvan.*

*[2] In die plek van die aandele wat verbeur is, is direkteure 'n kontantbonus betaal. Verwys na aantekening 25.*

*[3] Mnr D M Falck het op 18 Junie 2008 as 'n direkteur afgetree.*

## 26. AANDEELGEBASEERDE BETALINGS (vervolg)

### 26.3 Huidige status – aanbiedinge aan direkteure (vervolg)

**Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroeireg-skema**

– Aandelegroeiregte (SARs)

| Deelnemer | *Balans van SARs aanvaar op 31 Maart 2009* | ***SARs aanvaar gedurende die jaar*** | ***Aanbod-datum*** | ***Aanbod-prys (Rand)*** | ***Aantal SARs uitgeoefen*** | ***Datum van SARs uitgeoefen*** | ***Aandeel-prys op datum van uitoefening*** | ***Waarde-toename[1] (R'000)*** | ***Balans van SARs aanvaar op 31 Maart 2010*** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Uitvoerend** | | | | | | | | | |
| W E Bührmann | 283 148 | | | **72.00** | | | | | **283 148** |
| | 124 771 | | | **74.00** | | | | | **124 771** |
| L Crouse | 418 108 | | | **74.00** | | | | | **418 108** |
| J J Durand | | **427 047** | **23/11/09** | **39.19** | | | | | **427 047** |
| | | **162 354** | **23/11/09** | **87.50** | | | | | **162 354** |
| | | **22 717** | **23/11/09** | **83.94** | | | | | **22 717** |
| | | **12 662** | **23/11/09** | **90.81** | | | | | **12 662** |
| J A Preller | 141 411 | | | **72.00** | | | | | **141 411** |
| | 48 788 | | | **74.00** | | | | | **48 788** |
| T van Wyk | 185 207 | | | **72.00** | | | | | **185 207** |
| | 87 829 | | | **74.00** | | | | | **87 829** |
| M H Visser | 136 767 | | | **72.00** | | | | | **136 767** |
| | 542 424 | | | **74.00** | | | | | **542 424** |
| J W Dreyer | 270 270 | | | **74.00** | | | | | **270 270** |
| Subtotaal | 2 238 723 | **624 780** | | | **–** | | | **–** | **2 863 503** |
| **Nie-uitvoerend** | | | | | | | | | |
| J Malherbe[2] | | **195 730** | **23/11/09** | **39.19** | | | | | **195 730** |
| | | **75 761** | **23/11/09** | **87.50** | | | | | **75 761** |
| | | **20 847** | **23/11/09** | **83.94** | | | | | **20 847** |
| | | **5 807** | **23/11/09** | **90.81** | | | | | **5 807** |
| Subtotaal | – | **298 145** | | | **–** | | | **–** | **298 145** |
| Totaal | 2 238 723 | **922 925** | | | **–** | | | **–** | **3 161 648** |

| Deelnemer | *Balans van SARs aanvaar op 31 Maart 2008* | *SARs aanvaar gedurende die jaar* | *Aanbod-datum* | *Aanbod-prys (Rand)* | *Aantal SARs uitgeoefen* | *Datum van SARs uitgeoefen* | *Aandeel-prys op datum van uitoefening* | *Waarde-toename[1] (R'000)* | *Balans van SARs aanvaar op 31 Maart 2009* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Uitvoerend** | | | | | | | | | |
| W E Bührmann | | 283 148 | 04/11/08 | 72.00 | | | | | 283 148 |
| | | 124 771 | 27/11/08 | 74.00 | | | | | 124 771 |
| L Crouse | | 418 108 | 27/11/08 | 74.00 | | | | | 418 108 |
| J A Preller | | 141 411 | 04/11/08 | 72.00 | | | | | 141 411 |
| | | 48 788 | 27/11/08 | 74.00 | | | | | 48 788 |
| T van Wyk | | 185 207 | 04/11/08 | 72.00 | | | | | 185 207 |
| | | 87 829 | 27/11/08 | 74.00 | | | | | 87 829 |
| M H Visser | | 136 767 | 04/11/08 | 72.00 | | | | | 136 767 |
| | | 542 424 | 27/11/08 | 74.00 | | | | | 542 424 |
| J W Dreyer | | 270 270 | 27/11/08 | 74.00 | | | | | 270 270 |
| Totaal | – | 2 238 723 | | | – | | | – | 2 238 723 |

*[1] Dit verwys na die toename in die waarde van SAR-skema-aandele van die aangeduide deelnemers sedert die datum van aanbod tot en met betaling en lewering daarvan.*

*[2] Na die verkryging van VenFin is SARs aan mnr J Malherbe toegeken ten einde hom te vergoed vir die kansellasie van die VenFin Aandelegroeireg-skema.*

### 25.4 Rainbow Aandeleskemas

Rainbow het 'n ekwiteitskikkende aandeleskema asook 'n aandelegroeireg-skema vir sekere werknemers ingevolge waarvan aandeelopsies aangebied uitoefenbaar is in drie gelyke paaiemente op twee, drie en vier jaar (vir die aandeleskema) en drie, vier en vyf jaar (vir die aandelegroeireg-skema) na die aanbod-datum. Onderhewig aan die diskresie van die Rainbow Aandeleaansporingstrust se trustees, verval opsies wat nog nie by diensbeëindiging uitgeoefen is nie. 'n Koste van R19 miljoen (2009: R20 miljoen) met betrekking tot hierdie skemas, is in die inkomstestaat erken.

## 27. WINS

| | 2010<br>R miljoen | 2009<br>R miljoen |
|---|---|---|
| Wins word getoon nadat die volgende in aanmerking geneem is: | | |
| **GEKONSOLIDEERD** | | |
| **Inkomste** | | |
| Billike waarde aanpassing – biologiese bates | **74** | 27 |
| Billike waarde aanpassing – afgeleide instrumente | **78** | 15 |
| Huurinkomste – beleggingseiendomme | **10** | 10 |
| Rente ontvang | **146** | 197 |
| Aandeelhouerslening aan geassosieerde maatskappy | **18** | – |
| Finansiële instellings en ander | **128** | 197 |
| Wins met die verkoop van beleggings | **–** | 24 |
| Wisselkoerswinste | **–** | 121 |
| Wins met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | **4** | – |
| **Uitgawes** | | |
| Amortisasie van ontasbare bates | **10** | 11 |
| Billike waarde aanpassing – afgeleide instrumente | **117** | 164 |
| Uitgawes – beleggingseiendomme | **1** | 5 |
| Huur | **130** | 84 |
| Grond en geboue | **55** | 45 |
| Masjinerie en toerusting | **55** | 15 |
| Voertuie | **5** | 7 |
| Kantoortoerusting | **15** | 17 |
| Navorsings- en ontwikkelingskoste afgeskryf | **6** | 7 |
| Ouditeursvergoeding – ouditgelde | **15** | 13 |
| – ander dienste | **2** | 3 |
| Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde | **179** | 442 |
| Belegging in PGSI | **107** | 411 |
| Belegging in die Kagiso Infrastructure Empowerment Fund | **31** | – |
| Belegging in Premier Team Holdings | **30** | – |
| Ander beleggings, bates en klandisiewaarde | **11** | 31 |
| Professionele gelde | **38** | 49 |
| Waardevermindering | **290** | 271 |
| Geboue | **40** | 34 |
| Masjinerie en toerusting | **213** | 203 |
| Voertuie | **34** | 31 |
| Kantoortoerusting | **3** | 3 |
| Verlies met verkoop van beleggings | **9** | – |
| Wisselkoersverliese | **9** | – |
| Verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | **–** | 3 |
| **DIE MAATSKAPPY** | | |
| Verlies met ruil van belegging in BAT vir belegging in Reinet depositobewyse en ander koste ten opsigte van die BAT-ontbondeling | **–** | 2 012 |

## 28. DIVIDENDINKOMSTE

| | DIE MAATSKAPPY | | GEKONSOLIDEERD | |
|---|---|---|---|---|
| | **2010** | 2009 | **2010** | 2009 |
| | **R miljoen** | R miljoen | **R miljoen** | R miljoen |
| Ingesluit by wins: | | | | |
| Genoteer | – | – | **113** | 352 |
| Ongenoteer – Filiaalmaatskappye | 5 624 | 59 469 | | |
| – Ander | – | – | **3** | 3 |
| | 5 624 | 59 469 | **116** | 355 |
| Dividende vanaf geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings teen beleggings verreken | | | **1 222** | 1 528 |

## 29. EKWITEITSAANSUIWERING

| | **2010** | 2009 |
|---|---|---|
| | **R miljoen** | R miljoen |
| **Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings (voortgesette bedywighede)** | | |
| Wins voor inagneming van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items | **3 952** | 3 208 |
| Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde | **(118)** | (253) |
| Wins met die verkoop van beleggings | **41** | 360 |
| Ander nie-herhalende en kapitale items | **(46)** | (11) |
| Wins voor belasting en nie-beherende belang | **3 829** | 3 304 |
| Belasting | **(981)** | (809) |
| Nie-beherende belang | **(229)** | (106) |
| Voortgesette bedrywighede | **2 619** | 2 389 |
| Beëindigde bedrywighede | **–** | 2 417 |
| Belang in netto toeskryfbare wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings – per inkomstestaat | **2 619** | 4 806 |
| Dividende ontvang vanaf geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings | **(1 222)** | (1 528) |
| Belang in netto wins deur geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings behou | **1 397** | 3 278 |
| Wisselkoersverskille met omrekening vanaf gemiddelde koerse na jaareindkoerse | **5** | 59 |
| Ekwiteitsaansuiwering oorgeplaas na nie-verdeelbare reserwes (Verwys state van veranderinge in ekwiteit) | **1 402** | 3 337 |
| Gedeelte van die belang in netto toeskryfbare wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings, wat verantwoord is vanuit ongeouditeerde tussenverslae en bestuurstate. Die resultate van hierdie geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings sal in latere finansiële tydperke geouditeer word om met hul finansiële jaareindes ooreen te stem. | **1 219** | 1 291 |
| **Voorwaardelike aanspreeklikhede van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings** | | |
| Waarborge aan derde partye – Leweringswaarborge, borgstellings en kredietbriewe van verskeie geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings | **190** | 170 |
| Voorwaardelike belastingaanspreeklikhede | **23** | 11 |

Eise – Daar bestaan 'n aantal bestaande en potensiële regseise teen verskeie geassosieerde maatskappye waarvan die uitslag nie voorsien kan word nie, maar wat, beide individueel en gesamentlik, as nie-wesentlik beskou word.

## 30. KONTANTVLOEI-INLIGTING

### 30.1 Aansuiwerings

| | DIE MAATSKAPPY | | GEKONSOLIDEERD | |
|---|---|---|---|---|
| | **2010** | 2009 | **2010** | 2009 |
| | **R miljoen** | R miljoen | **R miljoen** | R miljoen |
| Amortisasie van ontasbare bates en waardevermindering | – | – | **300** | 282 |
| Beweging in voorsienings | – | – | **(21)** | (96) |
| Netto beweging in afgeleide instrumente | – | – | **(86)** | 31 |
| Aandeleskemakoste | – | – | **54** | 49 |
| (Wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | – | – | **(4)** | 3 |
| Ander | – | – | **(12)** | (24) |
| | – | – | **231** | 245 |
| **30.2 Afname/(toename) in bedryfskapitaal** | | | | |
| Afname/(toename) in voorraad en biologiese landboubates | – | – | **(109)** | (27) |
| Afname/(toename) in handels- en ander debiteure | **5** | (3) | **(54)** | (117) |
| Toename/(afname) in handels- en ander krediteure | **(23)** | 43 | **8** | 165 |
| | **(18)** | 40 | **(155)** | 21 |
| **30.3 Rekonsiliasie van dividende ontvang** | | | | |
| Ontvangbaar aan die begin van die jaar | – | – | **389** | – |
| Per inkomstestaat | **5 624** | 59 469 | **116** | 355 |
| Dividende vanaf geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings teen beleggings verreken | – | – | **1 222** | 1 528 |
| Besighede verkry | – | – | **44** | – |
| Ontvangbaar aan die einde van die jaar | – | – | **(327)** | (389) |
| Kontant ontvang | **5 624** | 59 469 | **1 444** | 1 494 |
| **30.4 Rekonsiliasie van belasting betaal met bedrag getoon in inkomstestaat** | | | | |
| Vooruitbetaal aan die begin van die jaar | – | – | **65** | 80 |
| Onbetaald aan die begin van die jaar | – | – | **–** | (13) |
| Per inkomstestaat | – | (686) | **(192)** | (282) |
| – normale inkomste | – | – | **(172)** | (259) |
| – kapitaalwins | – | – | **–** | (2) |
| – SBM | – | (686) | **(20)** | (21) |
| Besighede verkry | – | – | **8** | – |
| Onbetaald aan die einde van die jaar | – | – | **17** | – |
| Vooruitbetaal aan die einde van die jaar | – | – | **(42)** | (65) |
| Kontant betaal | – | (686) | **(144)** | (280) |
| **30.5 Rekonsiliasie van dividende betaal** | | | | |
| Per state van veranderinge in ekwiteit | **(956)** | (57 204) | **(950)** | (56 757) |
| Dividend *in specie* | – | 55 095 | **–** | 54 689 |
| Betaal deur filiaalmaatskappye aan minderheid | – | – | **(56)** | (52) |
| Kontant betaal | **(956)** | (2 109) | **(1 006)** | (2 120) |

## 31. BESIGHEDE VERKRY

Met ingang van 23 November 2009 het Remgro 100% van VenFin Beperk (VenFin), 'n beleggingshouermaatskappy met beleggings hoofsaaklik in die media- en tegnologiesektor, verkry. Ingevolge die transaksie het VenFin-aandeelhouers 1 Remgro-aandeel vir elke 6.25 VenFin-aandele ontvang en op 23 November 2009 het Remgro 41 626 619 aandele teen 'n prys van R89.25 per aandeel uitgereik. Behalwe vir VenFin se beleggings in geassosieerde maatskappye was die drawaardes van alle ander bates en laste gelyk aan hul billike waardes. Die koste van die verkryging is toegedeel aan die bates wat verkry is en die verpligtinge en voorwaardelike aanspreeklikhede wat aanvaar is, soos vereis word deur Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (*IFRS 3: Besigheidsamevoegings*). Klandisiewaarde wat ontstaan het, is geallokeer na die onderskeie geassosieerde maatskappye en vorm deel van elke geassosieerde maatskappy se onderliggende aankoopprys. Sedert die verkryging is die resultate van VenFin wat by die gerapporteerde resultate van Remgro ingesluit is, nie wesentlik nie en het dit bestaan uit wesensverdienste van maatskappye waarin belê is ten bedrae van ongeveer R53 miljoen en na-belaste korporatiewe koste van ongeveer R16 miljoen. Dit is bereken dat VenFin se wesensverdienste vir die volle jaar ongeveer R117 miljoen sou wees deur die toepassing van die groep se rekeningkundige beleid en gebaseer op die aanname dat die verkryging effektief was op 1 April 2009.

Met ingang van 3 Augustus 2009, het Tsb Sugar Holdings (Edms) Beperk, 'n volfiliaal van Remgro, die Pongola suikermeule vanaf Illovo Beperk verkry. Vir die agt maande sedert verkryging het die Pongola suikermeule R248 miljoen tot omset bygedra, terwyl 'n bedryfsverlies, voor rente en belasting, ten bedrae van R46 miljoen gerapporteer is. As die verkryging plaasgevind het op 1 April 2009, sou die Pongola suikermeule R471 miljoen tot omset bygedra het en 'n bedryfsverlies, voor rente en belasting, ten bedrae van R37 miljoen.

Gedurende die afgelope twee jaar het filiaalmaatskappye in die groep ook verskeie ander klein besighede verkry.

Die bates en laste voortspruitend uit die verkrygings hierbo was die volgende:

| | VenFin Beperk R miljoen | Pongola suikermeule R miljoen | Ander R miljoen | 2010 Totaal R miljoen | 2009 Totaal R miljoen |
|---|---|---|---|---|---|
| **Bates** | | | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting (verwys aantekening 2) | – | 167 | 31 | 198 | 7 |
| Ontasbare bates (verwys aantekening 5) | – | – | 2 | 2 | – |
| Beleggings – Geassosieerde maatskappye (verwys aantekening 6) | 2 986 | – | – | 2 986 | – |
| – Gesamentlike ondernemings (verwys aantekening 7) | 9 | – | – | 9 | – |
| – Ander (verwys aantekening 8) | 476 | – | – | 476 | – |
| Lenings | 116 | – | – | 116 | – |
| Uitgestelde belasting (verwys aantekening 11) | – | 1 | – | 1 | – |
| Voorraad | – | 55 | 23 | 78 | – |
| Debiteure en korttermynlenings | 106 | 75 | 13 | 194 | – |
| Afgeleide instrumente | 55 | – | – | 55 | – |
| Belasting | 9 | – | – | 9 | – |
| Kontant en kontantekwivalente | 317 | – | 3 | 320 | – |
| **Laste** | | | | | |
| Langtermynlenings | (1) | – | (2) | (3) | – |
| Uitgestelde belasting (verwys aantekening 11) | (6) | – | – | (6) | – |
| Handels- en ander krediteure | (89) | (181) | (9) | (279) | – |
| Oortrokke bankrekeninge | (242) | – | – | (242) | – |
| Belasting | (1) | – | – | (1) | – |
| **Billike waarde van netto bates verkry** | 3 735 | 117 | 61 | 3 913 | 7 |
| Belegging voorheen gehou | – | – | (3) | (3) | – |
| Klandisiewaarde (verwys aantekening 5) | – | 5 | – | 5 | 4 |
| **Totale aankoopprys** | 3 735 | 122 | 58 | 3 915 | 11 |
| Billike waarde van aandele uitgereik* | (3 714) | – | – | (3 714) | – |
| Aankoopprys betaal in kontant | 21 | 122 | 58 | 201 | 11 |
| Kontant en kontantekwivalente in filiaal verkry | (75) | – | (3) | (78) | – |
| **Kontant(invloei)/-uitvloei met verkryging** | (54) | 122 | 55 | 123 | 11 |

* *Die billike waarde van die aandele uitgereik is gebaseer op die gepubliseerde aandeelprys van 13 November 2009.*

## 32. FINANSIËLE INSTRUMENTE

### 32.1 Klasse finansiële instrumente en billike waarde

Finansiële instrumente op die staat van finansiële stand sluit beleggings, belegging in geldmarkfondse, lenings ontvangbaar, debiteure, kontant, krediteure, korttermynlenings, langtermynlenings en afgeleide instrumente in. Besonderhede van die aard, omvang en terme van hierdie instrumente is uiteengesit in die aantekeninge by die betrokke items.

Die rekeningkundige beleid vir finansiële instrumente is op die volgende lynitems in die staat van finansiële stand toegepas.

| Finansiële bates | Nie-finansiële bates R miljoen | Lenings en debiteure R miljoen | Bates teen billike waarde deur wins en verlies R miljoen | Beskikbaar vir verkoop R miljoen | Drawaarde R miljoen | Billike waarde R miljoen |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **2010** | | | | | | |
| Beleggings – ander | | | **60** | **6 584** | **6 644** | **6 644** |
| Lenings | | **108** | | | **108** | **108** |
| Lenings aan geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings | | **541** | | | **541** | **541** |
| Debiteure en korttermynlenings | **62** | **1 879** | | | **1 941** | **1 941** |
| Afgeleide instrumente | | | **145** | | **145** | **145** |
| Belegging in geldmarkfondse | | | **1 812** | | **1 812** | **1 812** |
| Kontant en kontantekwivalente | | **3 827** | | | **3 827** | **3 827** |
| | **62** | **6 355** | **2 017** | **6 584** | **15 018** | **15 018** |
| **2009** | | | | | | |
| Beleggings – ander | | | 40 | 4 702 | 4 742 | 4 742 |
| Lenings | | 100 | | | 100 | 100 |
| Lenings aan geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings | | 43 | | | 43 | 43 |
| Debiteure en korttermynlenings | 62 | 1 737 | | | 1 799 | 1 799 |
| Afgeleide instrumente | | | 16 | | 16 | 16 |
| Belegging in geldmarkfondse | | | 1 578 | | 1 578 | 1 578 |
| Kontant en kontantekwivalente | | 5 050 | | | 5 050 | 5 050 |
| | 62 | 6 930 | 1 634 | 4 702 | 13 328 | 13 328 |

| Finansiële laste | Laste teen geamortiseerde koste R miljoen | Laste teen billike waarde deur wins en verlies R miljoen | Drawaarde R miljoen | Billike waarde R miljoen |
|---|---|---|---|---|
| **2010** | | | | |
| Langtermynlenings | **175** | | **175** | **175** |
| Handels- en ander krediteure | **2 292** | | **2 292** | **2 292** |
| Korttermynlenings | **146** | | **146** | **146** |
| Afgeleide instrumente | | **3** | **3** | **3** |
| | **2 613** | **3** | **2 616** | **2 616** |
| **2009** | | | | |
| Langtermynlenings | 191 | | 191 | 191 |
| Handels- en ander krediteure | 1 999 | | 1 999 | 1 999 |
| Korttermynlenings | 117 | | 117 | 117 |
| Afgeleide instrumente | | 18 | 18 | 18 |
| | 2 307 | 18 | 2 325 | 2 325 |

## 32. FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)

### 32.1 Klasse finansiële instrumente en billike waarde (vervolg)

**Billike waarde**

Op 31 Maart 2010 en 2009 benader die billike waarde van die finansiële instrumente hul drawaarde.

**Billike waarde beraming**

Die volgende metodes en aannames word gebruik om die billike waarde van elke klas van finansiële instrumente te bepaal:

- Finansiële instrumente beskikbaar vir verkoop en belegging in geldmarkfondse: Billike waarde is gebaseer op gekwoteerde markpryse of, in die geval van ongenoteerde instrumente, toepaslike waardasiemetodologieë.
- Kontant en kontantekwivalente, debiteure, krediteure en korttermynlenings: Weens die verwagte korttermyn vervaldatum van hierdie finansiële instrumente benader hul drabedrag hul billike waarde.
- Lenings: Die billike waarde van langtermynlenings is gebaseer op verdiskonteerde kontantvloeie deur van die effektiewe rentekoersmetode gebruik te maak. Aangesien die rentekoerse van langtermynlenings almal markverwant is, benader hul drabedrag hul billike waarde.
- Afgeleide instrumente: Die billike waarde van afgeleide instrumente word bepaal met verwysing na die mark waarin daar met dié instrumente handel gedryf word.

Die volgende tabel toon, volgens hiërargievlak, die billike waardes van finansiële bates wat teen billike waarde gemeet word:

| | *Vlak 1* R miljoen | *Vlak 2* R miljoen | *Vlak 3* R miljoen | Totaal R miljoen |
|---|---|---|---|---|
| **2010** | | | | |
| Beskikbaar vir verkoop | 6 310 | – | 274 | 6 584 |
| Bates teen billike waarde deur wins en verlies | 47 | – | 13 | 60 |
| Afgeleide instrumente | – | 12 | 133 | 145 |
| Belegging in geldmarkfondse | 1 812 | – | – | 1 812 |
| | 8 169 | 12 | 420 | 8 601 |

| **Rekonsiliasie van drawaarde van vlak 3-bates aan die begin en einde van die jaar** | *Beskikbaar vir verkoop* R miljoen | *Bates teen billike waarde deur wins en verlies* R miljoen | *Afgeleide instrumente* R miljoen | Totaal R miljoen |
|---|---|---|---|---|
| **2010** | | | | |
| Saldo's op 1 April | 91 | – | – | 91 |
| Besighede verkry | 201 | 9 | 55 | 265 |
| Toevoegings | 37 | 4 | – | 41 |
| Vervreemdings | (5) | – | – | (5) |
| Wisselkoersaanpassings | (3) | – | – | (3) |
| Waardedalings | (32) | – | – | (32) |
| Billike waarde aanpassings deur wins en verlies | – | – | 78 | 78 |
| Billike waarde aanpassings deur omvattende inkomste | (15) | – | – | (15) |
| **Saldo's op 31 Maart** | 274 | 13 | 133 | 420 |

Die volgende tabel toon, volgens hiërargievlak, die billike waarde van finansiële aanspreeklikheid:

| | *Vlak 1* R miljoen | *Vlak 2* R miljoen | *Vlak 3* R miljoen | Totaal R miljoen |
|---|---|---|---|---|
| **2010** | | | | |
| Afgeleide instrumente | – | 3 | – | 3 |

## 32. FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)

### 32.2 Finansiële instrumente en risikobestuur

'n Verskeidenheid finansiële risiko's beïnvloed die groep se resultate: markrisiko (insluitende prys-, rentekoers- en buitelandse valutarisiko), kredietrisiko en likiditeitsrisiko. Die maatskappy en sy filiaalmaatskappye se risikobestuursprogramme, waarvan sleutelaspekte hieronder uiteengesit is, erken die onvoorspelbaarheid van finansiële markte en is daarop gemik om enige negatiewe uitwerking daarvan tot 'n minimum te beperk. Afgeleide instrumente word gebruik om teen sekere finansiële risikoblootstellings te verskans.

Risikobestuur word uitgevoer deur die sentrale tesourie-afdeling ingevolge beleid wat deur die direksie goedgekeur is. 'n Tesouriekomitee identifiseer, evalueer en verskans finansiële risiko's in ooreenstemming met die groep se risiko-aptyt, stel risikoperke vas en monitor nakoming van beleid en prosedures. Die komitee word bygestaan deur die interne ouditafdeling wat gereeld en op 'n ad hoc-basis oorsig doen van risikobestuurkontroles en -prosedures. Dit is die verantwoordelikheid van die Remgro oudit-en-risikokomitee om oor hierdie funksies toesig te hou en die geskiktheid van die risikobestuurstrategieë te beoordeel.

Tersaaklike finansiële risiko's en risikobestuursprogramme word soos volg opgesom:

**Markrisiko**

*Prysrisiko*

Blootstelling aan prysrisiko spruit uit beleggings in genoteerde en ongenoteerde aandele wat geklassifiseer word as "Beleggings beskikbaar vir verkoop", omskeppingsregte op voorkeuraandele, beleggings in geldmarkfondse en beleggings in kommoditeitstermynkontrakte.

"Beleggings beskikbaar vir verkoop" bestaan hoofsaaklik uit die belegging in Impala Platinum Holdings Beperk. Die bestuursraad monitor die stand van al die beleggings op 'n deurlopende grondslag en maak dan aanbevelings aan die beleggingskomitee en die direksie in dié verband.

Omskeppingsregte op voorkeuraandele is voorkeuraandele in geassosieerde maatskappye, waarvan die waardasie beïnvloed word deur die onderliggende waardasie van die geassosieerde maatskappy. Die onderliggende waardasies word gemonitor deur die direksie deur middel van verteenwoordiging op die geassosieerde maatskappye se direksies.

Beleggings in geldmarkfondse bestaan hoofsaaklik uit rentedraende likiede beleggings met 'n lae risiko. Verwys na aantekening 16 vir verdere besonderhede.

Sommige bedryfsfiliale het kommoditeitsopsie- en -termynkontrakte wat deur die pryse van die onderliggende kommoditeite beïnvloed word. Die direksie monitor dit deur middel van verteenwoordiging op die filiale se direksies.

*Buitelandse valutarisiko*

Sekere filiaalmaatskappye is internasionaal bedrywig en word blootgestel aan valutarisiko as gevolg van kommersiële transaksies wat gedenomineer is in buitelandse valuta. Hierdie risiko's word beperk deur gebruik te maak van buitelandse valutakontrakte wanneer nodig geag. Verwys na aantekening 14 vir verdere besonderhede.

Die groep is ook blootgestel aan buitelandse valuta omskakelingsrisiko deur sy belegging in geldmarkfondse (aantekening 16) en buitelandse kontant (aantekening 17).

Die direksie monitor die groep se blootstelling op geldmarkfondse en buitelandse kontant op 'n gereelde grondslag en die risiko is beperk deur te diversifiseer in verskillende buitelandse valuta.

*Rentekoersrisiko*

Weens beduidende bedrae in kontantbeleggings, word inkomste beïnvloed deur skommelings in markrentekoerse. Die profiel van kontant en kontantekwivalente word in aantekening 17 uiteengesit. Rentekoersrisiko word deur die tesourie-afdeling bestuur deur gebruik te maak van goedgekeurde teenpartye wat die beste koerse aanbied.

Die maatskappy en sy filiaalmaatskappye is ook blootgestel aan rentekoersrisiko as gevolg van sy langtermynverpligtinge. Die rentekoersprofiel van die verpligtinge word in aantekening 20 uiteengesit.

## 32. FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)

### 32.2 Finansiële instrumente en risikobestuur (vervolg)

*Die groep se sensitiwiteit vir markrisiko*

Die volgende tabel dui die groep se wins- en ekwiteitsensitiwiteit vir markrisiko aan indien die markte met die onderstaande persentasies verander:

| | **Verandering** | **2010 Inkomste-staat R miljoen** | **Ekwiteit R miljoen** | *Verandering* | 2009 *Inkomste-staat* R miljoen | *Ekwiteit* R miljoen |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Rentekoerse | **2.0%** | **86** | **–** | 2.0% | 92 | – |
| Wisselkoerse | **5.0%** | **1** | **231** | 5.0% | – | 183 |
| Ekwiteitspryse | **10.0%** | **9** | **566** | 10.0% | – | 408 |
| | | **96** | **797** | | 92 | 591 |

Bogenoemde is bereken met verwysing na die drawaarde van finansiële instrumente op jaareinde en 'n moontlike verandering in die markrisikofaktor.

**Kredietrisiko**

Die groep se blootstelling aan kredietrisiko is die billike waarde van lenings, lenings aan geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings, debiteure, korttermynlenings, afgeleide instrumente en kontant en kontantekwivalente soos hierbo aangedui, sowel as finansiële waarborgkontrakte.

*Lenings aan geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings*

Bestuur beoordeel deurlopend die kredietrisiko van lenings aan geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings deur middel van verteenwoordiging op die onderskeie direksies. Lenings aan geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings is binne die mandaatterme en geen waardedalings is gedoen op lenings gedurende die huidige finansiële jaar nie.

*Finansiële waarborgkontrakte*

Blootstelling aan kredietrisiko ten opsigte van items wat nie erken word in die staat van finansiële stand nie, hou verband met finansiële waarborgkontrakte. Verwys na aantekening 36 vir verdere besonderhede.

*Lenings ontvangbaar en debiteure*

Op jaareinde bestaan "Lenings ontvangbaar" uit verskeie nie-beduidende lenings. Daar is ook nie enige beduidende konsentrasie van kredietrisiko met betrekking tot debiteure nie as gevolg van die verspreiding daarvan oor 'n wye geografiese gebied. Beleid en prosedures is in plek om te verseker dat verkope slegs aan klante met 'n aanvaarbare kredietgeskiedenis geskied. Ander debiteure bestaan hoofsaaklik uit vooruitbetalings en dividende ontvangbaar.

Die terme wat aan handelsdebiteure toegestaan word, word bepaal deur die onderskeie kredietbeleide van elke bedryfsfiliaal, d.i. Rainbow Chicken, Tsb Sugar en Wispeco.

Die onderstaande tabel dui die ouderdomsanalise van agterstallige handelsdebiteure en die ooreenstemmende uitstaande bedrag van debiteure op jaareinde aan:

| | ***Ouderdomsanalise van agterstallige handelsdebiteure*** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Debiteure** | ***30 dae* R miljoen** | ***60 dae* R miljoen** | ***90 dae* R miljoen** | ***120 dae +* R miljoen** | ***Totale agterstallige handels-debiteure* R miljoen** |
| **2010** | **79** | **21** | **–** | **8** | **108** |
| **2009** | 159 | 17 | 2 | 19 | 197 |

'n Voorsiening vir oninbare skulde van R44 miljoen (2009: R45 miljoen) is gemaak. Verwys aantekening 13.

Die kredietkwaliteit van presterende handelsdebiteure waarteen geen waardedalings voorsien is nie, is soos volg:

| | **2010 R miljoen** | 2009 R miljoen |
|---|---|---|
| Bestaande klante (geskiedenis van ses maande +) – geen nie-betalings in verlede nie | **1 234** | 778 |
| Bestaande klante (geskiedenis van ses maande +) – met nie-betalings in die verlede | **57** | 61 |
| Nuwe klante (geskiedenis van minder as ses maande) | **45** | 160 |
| | **1 336** | 999 |

## 32. FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)

### 32.2 Finansiële instrumente en risikobestuur (vervolg)

*Afgeleide instrumenttransaksies en kontantbeleggings*

Afgeleide instrumenttransaksies word beperk tot transaksies met finansiële instellings met goeie kredietgradering. Die tesouriekomitee keur hierdie instellings en bepaal ook die limiete vir kredietblootstelling aan 'n enkele entiteit.

Kontant en kontantekwivalente word slegs by goedgekeurde instellings gehou met 'n aanvaarbare kredietwaardigheid. Die tesouriekomitee stel limiete vir elke finansiële instelling vas. Verwys na die kontant en kontantekwivalente aantekening (aantekening 17) vir verdere inligting.

**Likiditeitsrisiko**

Die maatskappy en sy filiaalmaatskappye beskik oor beduidende kontantsaldo's en minimum langtermynskuld wat sy likiditeitsrisiko beperk. Nietemin word verseker dat voldoende kredietfasiliteite beskikbaar is om buigsaamheid te behou in die befondsing van transaksies.

Die volgende skedule dui die terugbetalingstermyne van uitstaande skuld aan:

| | | | Nie-verdiskonteerde kontantvloei | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Finansiële laste** | *Drawaarde* R miljoen | *Kontraktuele kontantvloei* R miljoen | *0 tot 12 maande* R miljoen | *1 tot 5 jaar* R miljoen | *5 jaar en langer* R miljoen |
| **2010** | | | | | |
| Langtermynlenings | **175** | **273** | **–** | **270** | **3** |
| Handels- en ander krediteure | **2 292** | **2 292** | **2 292** | **–** | **–** |
| Korttermynlenings | **146** | **146** | **146** | **–** | **–** |
| Afgeleide instrumente | **3** | **63** | **35** | **28** | **–** |
| Finansiële waarborgkontrakte (aantekening 36) | **–** | **644** | **644** | **–** | **–** |
| | **2 616** | **3 418** | **3 117** | **298** | **3** |
| **2009** | | | | | |
| Langtermynlenings | 191 | 255 | – | 250 | 5 |
| Handels- en ander krediteure | 1 999 | 1 999 | 1 999 | – | – |
| Korttermynlenings | 117 | 139 | 139 | – | – |
| Afgeleide instrumente | 18 | 159 | 117 | 28 | 14 |
| Finansiële waarborgkontrakte (aantekening 36) | – | 644 | 644 | – | – |
| | 2 325 | 3 196 | 2 899 | 278 | 19 |

## 33. KAPITAALBESTUUR

Die maatskappy bestuur sy aandeelhouersekwiteit, d.i. sy uitgereikte kapitaal (insluitende aandelepremie), reserwes en tesourie-aandele, as kapitaal. Die groep se doelwit met kapitaalbestuur is om sy vermoë te beskerm om as lopende saak voort te gaan ten einde 'n opbrengs aan sy aandeelhouers in die vorm van dividende en kapitaalgroei te lewer.

Ten einde die kapitaalstruktuur te onderhou of te verander mag die groep die bedrag van dividende betaal aan aandeelhouers aanpas, kapitaal aan sy aandeelhouers uitkeer, aandele uitreik of aandele vanaf aandeelhouers terugkoop. Vir die jaar onder oorsig is kontantdividende ten bedrae van R1 080 miljoen (2009: R902 miljoen) verklaar. Die groep het ook aandele ter waarde van R3 714 miljoen (2009: R666 miljoen teruggekoop) uitgereik.

Verwys na die state van veranderinge in ekwiteit vir verdere inligting rakende die groep se kapitaal.

## 34. VERPLIGTINGE

| | 2010 R miljoen | 2009 R miljoen |
|---|---|---|
| Kapitaalverpligtinge | **882** | 751 |
| Onafgehandelde kontrakte vir kapitaaluitgawes | **114** | 100 |
| Kapitaaluitgawes gemagtig waarvoor nog nie gekontrakteer is nie | **130** | 173 |
| Beleggings | **638** | 478 |
| Bedryfshuurverpligtinge | **170** | 131 |
| Betaalbaar binne een jaar | **63** | 43 |
| Betaalbaar – twee tot vyf jaar | **94** | 82 |
| Betaalbaar daarna | **13** | 6 |
| | **1 052** | 882 |

Bostaande verpligtinge sal uit eie bronne en geleende fondse gefinansier word.

## 35. LENINGSBEVOEGDHEDE

Daar is geen beperking op die leningsbevoegdhede van die maatskappy en sy filiale ten opsigte van lenings en gewaarborgde skulde nie.

## 36. WAARBORGE EN VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

### 36.1 Waarborge

| | 2010 R miljoen | 2009 R miljoen |
|---|---|---|
| Waarborg aan geassosieerde maatskappy* | **–** | 386 |
| Waarborge deur filiaalmaatskappye** | **144** | 1 |
| | **144** | 387 |

### 36.2 Voorwaardelike aanspreeklikhede

| | | |
|---|---|---|
| SARS-dispuut – SBM*** | **214** | – |
| Kontrakteler-waarborge**** | **31** | 48 |
| | **245** | 48 |

* *Unilever Plc en Unilever NV, hierna Unint, en Robertsons Holdings (Edms) Beperk (Robertsons), 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro, verskaf 'n waarborg aan die houers van skuldinstrumente wat deur Unilever SA (Edms) Beperk (Unilever SA) uitgereik is. Die maatskappye is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik in geval van wanbetaling deur Unilever SA. Ingevolge sy skuldinstrumentprogram is Unilever SA gemagtig om skuldinstrumente ter waarde van tot R2.5 miljard uit te reik. Op 31 Maart 2010 was skuldinstrumente ter waarde van RNul (2009: R1.5 miljard) deur Unilever SA uitgereik. Unint het 'n kruis-waarborg aan Robertsons toegestaan ingevolge waarvan Robertsons se aanspreeklikheid tot 25.75% van die uitgereikte instrumente beperk word. Robertsons se maksimum blootstelling ingevolge hierdie reëling beloop R643.75 miljoen indien Unilever SA die program ten volle benut.*

** *Verskeie waarborge namens geassosieerde maatskappye aan finansiële instellings gegee.*

*** *Regsgeding wat verband hou met VenFin Beperk (VenFin) insake 'n moontlike SBM-aanspreeklikheid waar tesourie-aandele gehou deur 'n filiaal verkoop is aan VenFin en gekanselleer is.*

**** *Sekere filiaalmaatskappye het voorwaardelike aanspreeklikhede wat verband hou met sekere kontrakteler-ooreenkomste. Daar word nie voorsien dat enige wesentlike aanspreeklikhede hieruit sal voortspruit nie.*

## 37. VERWANTE PARTY INLIGTING

**Filiale**

Besonderhede van inkomste vanaf, en beleggings in, filiaalmaatskappye verskyn in aantekening 28 en in Bylaag A onderskeidelik.

**Geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings**

Besonderhede van beleggings in, en inkomste vanaf, geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings verskyn in aantekeninge 6, 7 en 29 onderskeidelik, asook in Bylae B en C.

**Sleutelbestuurpersoneel**

Slegs Remgro se direkteure en lede van die bestuursraad word as sleutelbestuurpersoneel beskou. Inligting oor direkteursvergoeding en hul aandeelhouding in die maatskappy verskyn in aantekeninge 25 en 26 en in die verslag van die raad van direkteure.

**Aandeelhouers**

Besonderhede van die hoofaandeelhouer verskyn in die verslag van die raad van direkteure. 'n Gedetailleerde ontleding van aandeelhouers verskyn op bladsy 152 en 153 van die jaarverslag.

**Transaksies met verwante partye**

| | **2010**<br>**R miljoen** | 2009<br>R miljoen |
|---|---|---|
| **GEKONSOLIDEERD** | | |
| **Transaksies van Remgro Beperk en sy filiaalmaatskappye met:** | | |
| *Beherende aandeelhouer* | | |
| Kontantdividende | **69** | 146 |
| Dividend *in specie* | **–** | 4 128 |
| *Geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings* | | |
| Rente ontvang | **32** | 12 |
| Dividende ontvang | **1 222** | 1 528 |
| Verkope | **50** | 69 |
| Administrasiefooie | **17** | 16 |
| Aankope | **141** | 148 |
| *Sleutelbestuurpersoneel* | | |
| Salarisse en ander voordele | **27** | 23 |
| Aandeleskema bonusse | **–** | 20 |
| Aftreevoordele | **4** | 3 |
| Aandeelgebaseerde betalings | **20** | 13 |
| *Ander* | | |
| Fooie ontvang van VenFin Beperk | **11** | 19 |

## 37. VERWANTE PARTY INLIGTING (vervolg)

**Transaksies met verwante partye (vervolg)**

| | 2010 R miljoen | 2009 R miljoen |
|---|---|---|
| **GEKONSOLIDEERD (vervolg)** | | |
| **Saldo's verskuldig van/(aan) verwante partye:** | | |
| Geassosieerde maatskappye | **(19)** | (20) |
| Geassosieerde maatskappye | **413** | 473 |
| Ander | **57** | – |
| Lenings aan direkteure | **3** | 38 |
| Saldo – 1 April | **38** | – |
| Lenings toegestaan gedurende die jaar | **–** | 40 |
| Rente gehef | **2** | 1 |
| Terugbetalings gemaak | **(37)** | (3) |
| **DIE MAATSKAPPY** | | |
| **Transaksies van Remgro Beperk met:** | | |
| *Beherende aandeelhouer* | | |
| Kontantdividende | **69** | 146 |
| Dividend *in specie* | **–** | 4 128 |
| *Filiaalmaatskappye* | | |
| Dividende ontvang | **5 624** | 59 469 |
| Administrasiefooie ontvang | **–** | 5 |
| **Saldo's verskuldig deur verwante partye** | | |
| Filiaalmaatskappye | **4 815** | 179 |

Geen sekuriteit is vir enige uitstaande saldo's gegee nie. Daar is geen voorsienings vir oninbare skuld teen uitstaande saldo's met verwante partye gemaak nie en geen oninbare skuld van verwante partye is gedurende die jaar afgeskryf nie. Lenings, wat verband hou met die aankoop van gewone aandele in Remgro wat voor 30 September 2004 toegeken is, maar nog nie teen 6 Augustus 2008 gevestig het nie, is aan deelnemers van die Remgro Aandeleskema gemaak.

## 38. BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE

| | 2010<br>R miljoen | 2009<br>R miljoen |
|---|---|---|
| Geëkwiteerde inkomste van beëindigde bedrywighede | – | 2 417 |
| Realisasie van reserwes voorheen uitgestel in ekwiteit | – | 2 695 |
| Voorbelaste wins met uitkering van beëindigde bedrywighede | – | 38 068 |
| Belasting op die uitkering van beëindigde bedrywighede | – | (677) |
| **Wins vir die jaar van beëindigde bedrywighede** | – | 42 503 |
| | | |
| Kontantvloei van beëindigde bedrywighede: | | |
| Bedryfsaktiwiteite | – | 169 |
| Beleggingsaktiwiteite | – | 3 736 |
| **Netto kontantvloei van beëindigde bedrywighede** | – | 3 905 |

Op 7 Oktober 2008 het Remgro se aandeelhouers die ontbondeling van die belegging in BAT by wyse van 'n tussendividend *in specie* goedgekeur en op 3 November 2008 het Remgro 192.9 miljoen BAT gewone aandele en 302.6 miljoen Reinet Investments S.C.A. (Reinet) depositobewyse aan Remgro-aandeelhouers in die verhouding van 40.6054 BAT gewone aandele en 63.6977 Reinet depositobewyse vir elke 100 Remgro-aandele gehou, uitgekeer.